

## Dien God met eerbied en ontsag!

Heb 12:25-29

22 Januarie 2023

1. Heb 12:18-24 – Gelowiges het nie aangekom by tasbare Sinaiberg nie, waar die heilige God aan hulle verskyn het om hulle te leer om ontsag te hê vir Hom, en hulle besef het hulle het 'n middelaar nodig. Hulle het wel by Sionsberg/stad van lewende God/hemelse Jerusalem aangekom, deel geword van gemeente van eersgeborenes, by God as Regter aangekom, en by Jesus die Middelaar van die nuwe verbond.
2. Heb 12:25-29 – NT gelowiges het groter verantwoordelikhede as OT gelowiges, aangesien hulle groter voorregte het
3. God praat – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:25)
  - a. God maak Homself bekend deur te praat – en ons moet dit nie verontagsaam nie
  - b. God het in verlede die volk op die aarde die volk gewaarsku. God waarsku nou gelowiges uit die hemel
    - Heb 1:1-2: God praat in ou tyd deur profete, in eindtyd deur Sy Seun (vgl Joh 14:26, Gal 1:11-12, Joh 1:1)
  - c. Volk het God se waarskuwing verontagsaam (bv in woestyn, Rigtertyd, tyd van konings), maar nie ontvlug nie (1ste geslag neem nie land in nie, vyande in Rigtertyd, ballingskap aan einde van tyd van konings)
  - d. NT “gelowiges” sal nog minder ontvlug – kan tweede dood sterf
4. God skud die hemel en die aarde – en ons moet dit nie verontagsaam nie (Heb 12:26-27)
  - a. Destyds het God die aarde geskud – by Sinai
  - b. God gaan nog een keer die aarde én die hemel skud (aanhaling uit Hag 2:6)
    - Gaan gepaard met heerlikheid wat God se tempel vul (Hag 2:7, 1 Pet 2:5)
    - Gaan gepaard met vergaan van wankelbare dinge (Heb 12:27, 2 Pet 3:10-11)
    - Twee sienings: (1) Eerste koms (Jesus vul tempel met heerlikheid, wankelbare dinge = ou verbond, effek van koms skud aarde, hemelvaart skud hemel) (2) Tweede koms (tempel van gelowiges volledig heerlik, wankelbare dinge = ou hemel en aarde, hemel en aarde vergaan)
    - Persoonlike oortuiging: Tweede koms (ou verbond ≠ wankelbaar)
    - Tweede koms sal erger wees as koms na Sinai (Op 6:12-17)
5. Ons moet God dankbaar dien met eerbied en ontsag (Heb 12:28-29)
  - a. Gelowiges is deel van onwankelbare koninkryk (1 Pet 2:9)
  - b. Onwankelbare koninkryk is al wat sal bly staan met tweede koms – daarom moet gelowiges dankbaar wees (tesame met al die rede reeds gegee vanaf Heb 12:18)
  - c. Gehoorsaamheid moet oorgaan in diens aan God
    - Diens moet God welgevallig wees
    - Diens vind uitdrukking in eerbiedige onderworpenheid en ontsag vir God – vgl met doel van ou verbond (Eks 20:20)
  - d. God se einddoel is nie om gelowiges deel te maak van onverganklike koninkryk nie, dit is wel dat gelowiges ontsag vir God sal hê
  - e. Selfs ongelowiges sal met finale oordeel ontsag vir God hê (Op 6:16-17)
6. Toepassing
  - a. Waarsku die wat verontagsaam wat God uit die hemel sê
  - b. Maak seker jou diens aan God is in eerbiedige onderwerping en vol ontsag